# AANVULLENDE RIGLYNE EN AANBEVELINGS AAN GRONDEIENAARS WAT GEKONFRONTEER WORD MET GRONDBESETTINGS 2017

Die probleem wat tans ondervind word, word toegeskryf aan die laksheid van die SAPD in Noordwes. Die beleid rondom grondbesettings van die SAPD is korrek, maar die diskresie, wat aan lede van die SAPD oorgelaat word om te onderskei tussen betreders kragtens die Betreding wet en die PIE-wet skep ruimte vir sodanige beamptes om 'n blinde oog te draai vir betreding wat plaasvind of selfs met betreders saam te span om die omstandighede rondom die aanvanklike betreding van grond te laat ontwikkel na die omstandighede waar daar onregmatige okkupasie kragtens PIE bestaan. Laasgenoemde sal dan uit die aard van die saak die grondeienaar noodsaak om die hof te nader vir uitsetting.

Pro-aktiewe optrede

- **Dit is noodsaaklik dat grondeienaars hulle bewys van titel op grond geredelik beskikbaar hou** om in die geval van 'n klag dit deel te maak van 'n verklaring wat afgelê word vir betreding. Ek noem dit vanuit die perspektief van die kritiese belangrikheid van tydsverloop en om enige struikel blokke wat polisiebeamptes in die grondeienaar se pad mag plaas uit die weg te ruim.
- Waar moontlik, moet **toegang tot plase na behore gekontroleer word** en waar drade geknip word en ander toegang (anders as toegangsroetes wat in gebruik is) tot 'n plaas verkry word, kan daar onverwyld voortgegaan word met klagtes kragtens die Omheiningswet, Wet 31 van 1963 en vir julle gerief haal ek die Engelse teks aan:

***"22 Leaving gates open***

*Any person who-*

*(a) opens and leaves open or unfastened; or*

*(b) finding open on passing through, neglects to shut and fasten,*

*a gate in any fence shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months or, in the case of a second or subsequent conviction, to such imprisonment without the option of a fine.*

***23 Climbing or crawling over or through fences without permission***

*Any person who climbs or crawls over or through any fence or gate without the permission of the owner or lessee of the land upon which such fence or gate is situated, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months*

***24 Wilful damaging or removal of fences***

*Any person who wilfully damages or removes any fence or gate or any contrivance forming part or serving the purpose of a gate, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred and fifty rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months, or to such imprisonment without the option of a fine.*

***25 Climbing or crawling over or through, and damaging or removing fences authorized in connection with destruction of vermin***

*The provisions of section twenty-three or twenty-four shall not render it unlawful for any member of a club registered in terms of any ordinance relating to the destruction of vermin or for any person in the service of a divisional council or provincial administration to climb or to crawl over or*

*through any fence or gate without the permission referred to in section twenty-three or to damage or to remove any fence or gate with the intent contemplated by section twenty-four if such member or such person does so in the exercise of powers conferred by such ordinance and during the course and for the purposes of a hunt organized and carried out in terms of such ordinance by the club to which such member belongs or the divisional council or provincial administration employing such person, provided the said club, council or administration, as the case may be-*

*(a) gives prior notice, by publication in a newspaper circulating in the area in which the hunt is to be carried out or to the owner or occupier of the land on which such fence or gate is situated personally, of the hunt and the week during which it is to be carried out;*

*(b) within seven days after such fence or gate is so damaged or removed, restores it to the condition in which it was immediately prior to being so damaged or removed, and, until it is so restored, places a guard at any opening in such fence or gate caused by such damage or removal and, in the case of a jackal-proof fence, places such fence, on the day it is s"*

- Werkers moet opgelei word en daarop paraat gemaak word om enige onbekende persoon binne die grense van plase te rapporteer.
- Waar grond onregmatige geokkupeer word en verdere besettings verwag word, sal die gebruik van sekuriteitsdienste om mate van toegangsbeheer te verhoog, aanbeveel word. Dit sal ook aanbeveel word dat **"Reg van Toegang Voorbehou" kennisgewings** (Agri SA Protokol vir Toegang tot plase) by alle toegangshekke aangebring word in amptelike tale vir die streek waar die plaas geleë is.
- Gereelde besoeke aan afgeleë en onbewoonde plase moet gedoen word.
- Klagtes van betreding moet onverwyld aangemeld word en die saaknommer tesame met die datum en tyd van aanmelding moet verkry word. Die besonderhede van die beampte, wat die klag registreer en 'n dossier open moet verkry word. Behoorlike rekord behoort ook gehou te word van alle gebeure, kommunikasie en tye daarvan. Ook in die verband is dit nodige om die naam en kontaknommers van alle rolspelers met wie gekommunikeer word by te hou.

Foto's moet geneem word van betreders en waar gepoog word om strukture op te rig moet enige tydelike strukture (wat nie reeds bewoonbaar is nie) op die basis van die gemeenregtelike beginsel van kontra-spolie verwyder word. Die foto's moet deur die eienaar geneem word as kronologiese bewyse van gebeure en dit het betrekking op

1) Verwikkelinge op die grond van dat 'n persoon, wat betree het waargeneem is en tot dat die saak opgelos is.
2) Enige optrede van die eienaar of 'n sekuriteitsmaatskappy en waar interaksie met die betreder plaasvind
3) Enige optrede van die polisie op die grond.

- Nie bewoonbare strukture sou prakties verwys na die oprigting van pale of die grawe van fondasies. Foto's van alle sodanige aksies behoort geneem te word en waar nodig kan die SAPD, gevra word om teenwoordig te wees. By die neem van hierdie stap is belangrik om in ag te neem dat die hof waarskynlik 'n baie liberale in plaas van 'n eng interpretasie sal gebruik om te beslis of 'n struktuur bewoonbaar is of bewoon is. Dit onderstreep die belangrikheid van spoedige toetrede en optrede.

- Waar dit blyk dat die SAPD laks is om op te tree, mag dit nodige wees om vir toekomstige verwysing ‘n bepaalde geval of feitestel te gebruik om die Hoë hof te gebruik om ‘n verklarende bevel te gee om die SAPD se rol en die interprestasie van die tersaaklike wetgewing te kry.
- Paraatheid en sigbare beheer behoort persone af te skrik om plase te beset. Daarmee saam behoort die SAPD ook onder druk te kom om hulle werk te doen.

Reaktiewe optrede

In gevalle waar betreding voor die oprigting en voltooiing van bewoonbare strukture, plaasvind kan grondeienaars:

Pogings om strukture op te rig self of met behulp van sekuriteitsmaatskappye verhoed deur in ‘n vroeë stadium, soos waar slegs pale of onvoltooide mure opgerig is, dit afbreek op die basis van kontra-spolie. Die optrede moet vinnig plaasvind en foto’s moet aantoon tot welke vlak konstruksie plaasgevind het voordat aksie geneem is om die voltooiing daarvan te verhoed. Ek sou sê dat dit veilig sou wees indien die struktuur op ‘n foto nog nie as ‘n woonbare struktuur sou lyk nie. (Geen dak, geen mure)

In die geval waar een persoon reeds onregmatig sou okkupeer, tydelik gebruik maak van ‘n sekuriteitsmaatskappy om ongemagtigde persone te verhoed om die grond te betree en sodoende die oprigting van verdere strukture verhoed. Dit sal grootskaalse grond innames verhoed en die toekomstige koste van duur uitsettings verrigtinge voorkom.

Die foto’s kan ook as toekomstige bewysmateriaal dien om die SAPD, in die geval van ‘n versuim om kragtens hulle beleid op te tree, aanspreeklik te hou soos reeds voorgestel.

- Die neem van die bogemelde pro-aktiewe stappe en die feit dat wel bewysmateriaal sou oplewer, wat kan aantoon dat die SAPD versuim het in hulle grondwetlike plig, mag dalk die basis skep om ‘n toekomstige siviele eis in te stel vir aangaan van regskoste in uitsettings verrigtinge.
- Inligting behoort bygehou te word van bestaande grondbesettings en watter gebeure dit voorafgegaan het. In die verband behoort die onderliggende organisasies of instansies wat grondbesettings aanmoedig geïdentifiseer word en by wyse van ‘n interdik aan die kaak gestel word om sodoende, en in die geval van verdere grondbesettings op inisiatief van hierdie instansies, met minagting verrigtinge teen die leiers van hierdie organisasies op te tree.

Die onderliggende boodskap is dat **beheer** oor wat op grond aangaan, ook met verwysing na die veiligheidsituasie op plase ‘n dringende en ‘n baie groter prioriteit behoort te geniet. Omstandighede het drasties ontwikkel in die afgelope jaar en soos hulle in Engels sou sê “It is not business as usual”.